

## Al' & Sy Pêlle mal oor rock-en-tjank --

Ietwat eksentriek, dié klonge. So met halsbande om hul nekke om hulle teen 'onreinheid' te beskerm. Maar wat, die lewe is 'n lied. Hulle is nou by die KKNK te sien met hul kabaretstuk Neuk.

Deur JP NEL

Hulle is vier nogal geheimsinnige ouens wat onopgesmukke, onpretensieuse Afrikaanse musiek maak en hulle toer die land plat in 'n 1936-Dodge. Tydens hul optredes dra hulle hondehalsbande 'n 'Middeliese gebruik wat jou teen onreinheid beskerm', maar dit wys ook op hul CD, My hond Fanie. Dié Kaapse groep dis nou Al' & Sy Pêlle het ook 'n CD gemaak wat in 1999 as een van die tien 'koopbare' CD's van die jaar uitgewys is. Dié misterieuse vierling, 'n 'brak-boer', 'n 'sout-siel', 'n 'halwe Franse Hugenoet' en nog 'n local', is ook eersdaags as hoofeeskunstenaars by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn te sien in hul kabaretstuk Neuk.

Al', lid van die groep, sê hulle is 'mensdomme'; hulle verkies om so min moontlik oor hulself te sê, 'anders val die meisies ons huise binne en ontsier ons lewe'.

Oor die optrede by die KKNK sê hy: 'Ons het gevra, en toe sê hulle ja. Ons was in 1998 by die Rimpelfees. Intussen het ons darem baie gesing. Ons raak toe te groot vir ons skoene en ons vra of ons by die Karoofees kan sing. Wel, nou is ons daar.'

Dié boorling van De Aar en sy pêle is nou Bellvilliete in murg en been en praat van Bellville as die kaalture city. 'Hier mors ons nie styfgeit op stywe bolippe nie. Ek het omtrent vyftien jaar lank van Bellville na die oorkant van die Engelse kanaal (Kaapse middestad) gery. Ek het by 'n maatskappy gewerk waar ek min Afrikaans gepraat het. In 1993 het ek soos 'n exile gevoel toe ek in Bellville kom werk het.'

In 1995 het hy hom oor die voëls en water by Langebaan begin worry. Hy het die Saldanha-staalfabriek probeer stuit, maar 'alles het opgemiëks geraak'. Hy het toe drie liedjies, Lied van Saldanha, Justice en Neuk, op grond van dié ervarings geskryf.

Al' & Sy Pêlle het aan die einde van 1996 tot stand gekom. 'Ek en Pêl 1 het een middag by ons werk inmekaar vasgedryf. Ons praat toe oor musiek en daardie aand sing ons saam by my huis en die band is net daar gebore. Pêl 2 het 'n jaar later by ons opgedryf. En 'n jaar later het Pêl 3 verbygedryf en weggedryf.'

En hoe beskryf hulle hul liedjies? 'Dit is Afrikaanse rock-en-tjank. Dit rock 'n tjank uit jou oog. 'n Pyn uit jou siel. Swaai 'n huil uit jou lies. Met 'n Star in jou kies.' (Dis nou suurpienk lekkers wat destyds baie gewild was.)

Hy sê vlugtige gebeure is die oorsprong van hul musiek. 'Die liedjies handel oor die ondraaglike ligtheid om te wees. Dit handel oor die rock van die lewe, die tjank van die lewe, die rok en onder die rok, die vier mensdomme en al die ander mensdomme.'

My hond Fanie is in 1998 uitgereik. Oor die titelsnit sê Al' dit handel oor 'n liefdesvierhoek tussen 'n buurman, 'n buurvrou, 'n hond en die buurvrou se poedel. ``Ons musiek is ongekunsteld en ongekompliseerd. Dis lekker los liedjies, hoewel in baie van die liedjies diep dinge lê. Ek skryf die meeste van die liedjies in die nag, want ek ly aan slaaploosheid."

Al' hy sê hy is geen groot kitaarspeler nie sê ook hy weet wanneer die woorde en die deuntjie saamgaan. ``Ek skryf en toonset dit sommer saam." Dan verwerk die bekende klavierspeler Andrew Roos en Willem Möller, musikant en klankingenieur, dit. ``Die songs word dan by Andrew se ateljee in Ermelo en gedeeltelik by Willem se ateljee in Johannesburg opgeneem."

By 'n show dra hulle aan die begin donker (en pienkerige) brille, swart hoede en swart klere. Namate die vertoning vorder, waai die brille en hoede.

Die groep sing net oorspronklike Afrikaanse liedjies, geskryf deur Al'. Dit sluit lighartige ballades in oor ``historiese figure soos Ryk Kolwer en die Skim". Hul aanslag is Kaaps, hoewel hulle oor allerlei onderwerpe van 'n hond tot 'n soldaat se dood in Angola sing.

Al' sê die beste ding in die lewe is om alles eenvoudig te hou. Al' en Sy Pêlle het al 'n paar myle op en steek diep dinge tussen al die humor weg. Hulle geniet dit om musiek te maak. Jy kan dit sien wanneer hy spontaan daaroor praat. Dit is lekkerluister-liedjies met 'n vars aanslag. G'n wonder hy sê hul teikengehoor is mense wat kaalvoet na 'n goeie restaurant gaan nie. Al' & Sy Pêlle tree meestal in Bellville en die Boland op. Al' sê mense soos Koos Kombuis, David Kramer, Koos du Plessis, Julie Andrews, en bokswyn, het 'n groot invloed op hul musiek.